HOOF FINANSIËLE BEAMPTE se verslag

Die verdienste van die meeste van Remgro se **onderliggende beleggings** het herstel tot **voorpandemie-vlakke.**

Neville Williams
Hoof finansiële beampte

Inleiding

Vanweë die feit dat Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, is tradisionele prestasiemetings, soos verkope of bruto wins, nie betekenisvolle maatstawwe om die groep se vertoning te beoordeel nie. Bestuur gebruik egter "wesensverdienste", "intrinsieke netto batewaarde" en "kontant by die kern" om die groep se vertoning op 'n deurlopende grondslag te evalueer en daarom word hierdie konsepte deurgaans in die geïntegreerde jaarverslag gebruik om aandeelhouers 'n beter begrip van ons resultate te gee.

Resultate

Resultate in konteks

Die wesensverdienste vir die vergelykende jaar tot 30 Junie 2021 is wesentlik beïnvloed deur die Covid-19-pandemie en die gevolglike inperkingsmaatreëls. Die toename, vanaf hierdie lae basis, in wesensverdienste vir die jaar onder oorsig van 125.1% is hoofsaaklik meegebring deur die herstel van die verdienste van meeste van Remgro se onderliggende beleggings, in die besonder dié van Mediclinic International plc (Mediclinic), TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies), Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH), Grindrod Beperk (Grindrod), Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping), FirstRand Beperk (FirstRand) en Distell Group Holdings Beperk (Distell). Mediclinic se bydrae in die vergelykende jaar (sy resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2021) sluit die volle impak van die Covid-19-verwante inperkingsmaatreëls gedurende die eerste en tweede vlae van die pandemie in. Gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2022 het Mediclinic egter, veral danksy verhoogde pasiëntbedrywighede, 'n stewige bedryfs- en finansiële vertoning gelewer en sodoende sy bydrae tot Remgro se wesensverdienste aansienlik verhoog. Die resultate vir die jaar onder oorsig is ook positief beïnvloed deur TotalEnergies se gunstige voorraadherwaardasies, Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk se ommekeer na winsgewendheid en laer finansieringskoste vanweë die aflossing van die omruilbare skuldbriewe gedurende Maart 2021.

Finansiële hooftrekke

	Jaar geëindig 30 Junie 2022	Jaar geëindig 30 Junie 2021	% *verandering*
Wesensverdienste (R miljoen)	**6 494**	2 885	*125.1*
– per aandeel (sent)	**1 150.6**	510.6	*125.3*
Verdienste (R miljoen)	**13 139**	3 550	*270.1*
– per aandeel (sent)	**2 327.9**	628.3	*270.5*
Dividende per aandeel (sent)			
Gewoon	**150.00**	90.00	*66.7*
– Tussen	**50.00**	30.00	*66.7*
– Finaal	**100.00**	60.00	*66.7*
Intrinsieke netto batewaarde per aandeel (Rand)	**213.10**	177.33	*20.2*

Finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022: Resultate in konteks



(1) *Ingesluit in TotalEnergies se bydrae is gunstige voorraadherwaardasies van R642 miljoen (2021: R186 miljoen).*
(2) *Herstel van die volle negatiewe impak van die Covid-19-pandemie op Mediclinic se resultate gedurende sy vorige finansiële jaar geëindig 31 Maart 2021.*
(3) *CIVH ommekeer na winsgewendheid in sy finansiële jaar geëindig 31 Maart 2022. Hul toename in verdienste sluit laer finansieringskoste in wat verband hou met die betaling van hoofkantoor skuld.*
(4) *Laer finansieringskoste vanweë die aflossing van die omruilbare skuldbriewe op 22 Maart 2021.*

Vergeleke met die gerapporteerde wesensverdienste van voortgesette bedrywighede vir die 2019-finansiële jaar van R5 551 miljoen, wat 'n redelike vergelyking met 'n voorpandemie tydperk is, het wesensverdienste met 17.0% toegeneem, wat aandui dat die verdienste van die meeste van Remgro se onderliggende beleggings, wat deur die Covid-19-pandemie geraak is, grootliks tot voorpandemie-vlakke herstel het. Daar moet ook op gelet word dat die wesensverdienste uit voortgesette bedrywighede vir die 2019-finansiële jaar steeds die geëkwiteerde verdienste ten bedrae van R1 093 miljoen van FirstRand insluit, teenoor dividendinkomste van R625 miljoen, aangesien hierdie belegging sedertdien van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste herklassifiseer is.

Wesensverdienste

Oorsig

Vir die jaar onder oorsig het wesensverdienste met 125.1%, vanaf R2 885 miljoen tot R6 494 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 125.3%, vanaf 510.6 sent tot 1 150.6 sent, toegeneem het. Die toename in wesensverdienste is hoofsaaklik meegebring deur die hoër bydraes van TotalEnergies, Mediclinic, CIVH (ommekeer na winsgewendheid), KTH, Grindrod, Grindrod Shipping, FirstRand en Distell, sowel as laer finansieringskoste vanweë die aflossing van die omruilbare skuldbriewe. Die toename is deels teengewerk deur 'n laer bydrae deur Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) weens die ontbondeling van sy beleggings in Discovery Beperk (Discovery) en Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan), sowel as die verkoop van sy belegging in Hastings Group Holdings plc (Hastings) gedurende die jaar onder oorsig.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2022	% verandering	Jaar geëindig 30 Junie 2021
Gesondheidsorg	**1 267**	*88.0*	674
Verbruikersprodukte	**1 906**	*20.9*	1 576
Finansiële dienste	**866**	*(6.0)*	921
Infrastruktuur	**613**	*263.0*	(376)
Nywerheid	**1 800**	*77.5*	1 014
Gediversifiseerde beleggingsvoertuie	**95**	*136.5*	(260)
Media	**178**	*235.8*	53
Portefeuljebeleggings	**444**	*79.8*	247
Maatskaplike impakbeleggings	**(20)**	*69.7*	(66)
Sentrale tesourie			
– finansieringsinkomste	**224**	*5.7*	212
– finansieringskoste	**(627)**	*27.2*	(861)
Ander netto korporatiewe koste	**(252)**	*(1.2)*	(249)
Wesensverdienste	**6 494**	*125.1*	2 885

Verwys na die samestelling van wesensverdienste op bladsy 39 vir verdere inligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 267 miljoen (2021: R674 miljoen) bedra, wat 'n toename van 88.0% verteenwoordig. Mediclinic gebruik aangepaste verdienste, wat onbestendigheid ten opsigte van sekere buitengewone inkomste en koste verwyder, in die beoordeling van prestasie, en as 'n metode om aan aandeelhouers duidelike en konsekwente rapportering te verskaf. Die grootste verskil tussen aangepaste verdienste en wesensverdienste hou verband met 'n versnelde waardeverminderingskoste van £19 miljoen (2021: £10 miljoen) by Hirslanden Klinik St. Anna. Daarby het die jaar onder oorsig ook verstreke dienskoste van £11 miljoen ingesluit, wat verband hou met veranderinge in Switserse en Midde-Oosterse aftreeplanne, terwyl die vergelykende jaar 'n hermeting van 'n aflossingsverpligting ten bedrae van £23 miljoen insluit, wat verband hou met Clinique des Grangettes. Remgro se gedeelte van Mediclinic se aangepaste verdienste bedra R1 508 miljoen (2021: R959 miljoen), 'n toename van 57.2%. In Britse pondterme het Mediclinic 'n toename van 65% in aangepaste verdienste gerapporteer. Vergeleke met Mediclinic se voorpandemie 2020-jaar, het Mediclinic 'n afname van 6% in aangepaste verdienste gerapporteer (hoewel hoër in konstante wisselkoersterme).

Vergeleke met die vorige jaar het Mediclinic 'n sterk bedryfs- en finansiële vertoning gelewer, hoofsaaklik danksy verhoogde pasiëntbedrywighede. Omset vir die jaar onder oorsig was 8% (10% in konstante wisselkoersterme) hoër. Vergeleke met die voorpandemie 2020-jaar was omset 5% (9% in konstante wisselkoersterme) hoër. Vergeleke met beide die vorige jaar en die voorpandemie 2020-jaar het omset in al drie afdelings toegeneem.

Mediclinic se aangepaste EBITDA vir die jaar onder oorsig het met 22% toegeneem (hoër met 24% in konstante wisselkoersterme). Die toename in Covid-19-verwante uitgawes het nagenoeg £27 miljoen (2021: £32 miljoen) bedra, wat 'n aanduiding gee van die volgehoue behandeling van Covid-19-pasiënte gedurende die onderskeie vlae van die pandemie. Vergeleke met die voorpandemie 2020-jaar, was aangepaste EBITDA 3% laer (hoewel 1% hoër in konstante wisselkoersterme). Gedryf deur die omsetvertoning het die aangepaste EBITDA-marge wesentlik toegeneem tot 16.1% (2021: 14.2%), en nader dit nou die voorpandemie-vlakke van 17.5%. Vergeleke met die vorige jaar is aangepaste waardevermindering en amortisasie byna onveranderd en finansieringskoste laer, wat verder die toename in aangepaste verdienste verklaar.

Verbruikersprodukte

Distell se bydrae tot wesensverdienste het R735 miljoen (2021: R538 miljoen), bedra, 'n toename van 36.6%. Distell openbaar genormaliseerde verdienste, aangepas vir buitengewone transaksies en wisselkoersbewegings, om sy sakeprestasie aan te dui. Hierdie buitengewone transaksies sluit in regsdispute, koste wat verband hou met beduidende korporatiewe transaksies en grootskaalse herstrukturerings, sowel as netto verliese gely weens die burgerlike onrus in Suid-Afrika. Distell het 'n toename in genormaliseerde wesensverdienste van 34.8% gerapporteer, hoofsaaklik danksy 'n toename van 20.8% in omset op 17.6% hoër volumes. Dit is vermag teen die agtergrond van toenemende kommoditeitskoste druk, ontwrigting van die globale verskaffingsketting, 'n toename in die koste van ingevoerde goedere en 'n glastekort in die plaaslike mark, meegebring deur die ongekende vraag na Savanna en kern spiritualieë handelsmerke. Distell het steeds in die eerste helfte van die finansiële jaar Covid 19-verwante uitdagings ervaar. Plaaslike omset en volumes het met onderskeidelik 24.4% en 18.7% toegeneem, met al drie kategorieë (siders en gereed-om-te-drink (RTDs), spiritualieë en wyn) wat dubbelsyfergroei in omset behaal het. Die groeimomentum in die premium-siders- en RTD-segment het voortgeduur, met Savanna, Hunter's en Bernini aan die voorpunt. Omset en volumes in die Afrika-markte, buite Suid-Afrika, het met onderskeidelik 14.4% en 16.3% toegeneem, gedryf deur Mosambiek, Zambië, Tanzanië en Nigerië danksy die voortgesette roete-na-markbeleggings, wat die klantevoetspoor met 48% vergroot het. In internasionale markte, buite Afrika, het omset en volumes met onderskeidelik 7.9% en 9.4% toegeneem, hoofsaaklik gedryf deur enkelmout en Amarula. Buiten Distell se bydrae het Remgro amortisasie- en waardeverminderingskoste van R11 miljoen

(2021: R47 miljoen) verantwoord, wat verband hou met bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 11 Mei 2018 beheer oor Distell verkry het. Hierdie afname is te danke aan 'n positiewe uitgestelde belastingkoersaanpassing as gevolg van die vermindering van die maatskappy inkomstebelastingkoers van 28% na 27%.

RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R846 miljoen (2021: R759 miljoen) bedra, 'n toename van 11.5%. RCL Foods openbaar onderliggende wesensverdienste, aangepas vir direkte Covid-19-koste, waardedaling van kontantgenererende eenhede weens laer groeivooruitsigte en verliese wat verband hou met die brand by die suikerpakhuis in Komatipoort. Onderliggende wesensverdienste verskaf aan RCL Foods-beleggers toepaslike inligting en maatstawwe wat deur die maatskappy self gebruik word om prestasie te beoordeel. RCL Foods het 'n afname in onderliggende wesensverdienste van 1.8% gerapporteer, wat veerkragtigheid toon in 'n baie uitdagende bedryfsomgewing as gevolg van die voortgesette toename in kommoditeitsinsetkoste, die ekonomiese en maatskaplike impak van die Covid-19-inperkings, die onrus in KwaZulu-Natal en Gauteng in Julie 2021 en die vloede in KwaZulu-Natal en gedeeltes van die Oos-Kaap in April 2022. RCL Foods se vertoning is gedryf deur die volgehoue momentum van die suikerafdeling na 'n uitsonderlike prestasie in 2021, 'n terugkeer na winsgewendheid in die hoenderafdeling (Rainbow) en 'n stewige vertoning deur Vector Logistics. Die suikerafdeling het sy tweede grootste wins sedert totstandkoming gemaak. Rainbow het goeie vordering gemaak met sy omkeerstrategie, ondanks die uitdagings van stygende kommoditeitsinsetkoste, voëlgriep en die impak van onrus en vloede. Die aangepaste fokus in pluimveeboerdery het beduidend verbeterde landbouresultate gelewer met die bestaande hoenderras, terwyl die volle voordeel van die bekendstelling van die nuwe hoenderras oor die volgende 12 maande verwag word. Vector Logistics se resultate is aangehelp deur hoër omset, doeltreffendheids-verbeterings en 'n herstel in die voedseldiensbedryf met volumes wat tot nagenoeg voor-Covid-19-vlakke herstel het.

Die wesensverdienstebydrae deur Siqalo Foods het R401 miljoen (2021: R405 miljoen), bedra, wat 'n afname van 1.0% is. In 'n uitdagende en stormagtige jaar, gekenmerk deur 'n skerp toename in kommoditeitspryse, verskaffingskettingprobleme en die oorlog in Oekraïne (wat gelei het tot twee prysstygings gedurende die jaar), het Siqalo Foods daarin geslaag om 'n toename van 14.8% in omset te behaal. Volumes was in lyn met die vorige jaar. Winsgewendheid is negatief beïnvloed deur hoë kommoditeitspryse, wat nie ten volle na die verbruiker afgewentel kon word nie en tot 'n afname van 5.5% in bedryfsEBITDA gelei het. BedryfsEBITDA sluit die IFRS 9-billike waarde-aanpassings op kommoditeits- en buitelandse valutakontrakte, wat aangegaan is as deel van die grondstofverkrygingstrategie uit. Buiten Siqalo Foods se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste ten bedrae van R65 miljoen (2021: R79 miljoen) verantwoord, wat verband hou met bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 2 Julie 2018 beheer oor Siqalo Foods verkry het. Die afname is hoofsaaklik te danke aan 'n positiewe uitgestelde belastingkoersaanpassing as gevolg van 'n vermindering in die maatskappy inkomstebelastingkoers van 28% na 27%.

Finansiële dienste

RMI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 11.4% tot R796 miljoen (2021: R898 miljoen) afgeneem. In die jaar onder oorsig het RMI sy beleggings in Discovery en Momentum Metropolitan ontbondel (die RMI-ontbondeling) en sy belegging in Hastings verkoop. As gevolg hiervan is die beleggings slegs tot 8 Desember 2021 geëkwiteer, die datum waarop die belegging in Hastings verkoop is en die RMI-ontbondeling hoogs waarskynlik geword het. Die resultate vir die jaar is dus nie met die vorige jaar vergelykbaar nie.

Op 'n genormaliseerde grondslag, wat sekere afwykings uitsluit, het RMI 'n afname van 3.7% in die verdienste van voortgesette bedrywighede gerapporteer, wat die bydraes van Discovery, Momentum Metropolitan en Hastings uitsluit. Hierdie afname is hoofsaaklik te wyte aan laer verdienste vanaf OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance), die beduidendste oorblywende bate in RMI, wat teengewerk is deur laer finansieringskoste, aangesien die Hastings-opbrengs gebruik is om RMI-skuld af te los. OUTsurance se verdienste (met uitsluiting van sy gedeelte in Hastings) het met 11.3% afgeneem, hoofsaaklik weens hoër eiseverhoudings en ondanks die feit dat nuwe jaarpremies en bruto geskrewe premies met onderskeidelik 23% en 14% toegeneem het. Die eiseverhouding in OUTsurance se Suid-Afrikaanse bedrywighede is nadelig geraak deur natter weersomstandighede, verhoogde nie-motoreise, die verdere normalisering van die frekwensie van motoreise, asook eise wat verband gehou het met die omvangryke skade wat deur die vloede in KwaZulu-Natal veroorsaak is. By Youi het die eiseverhouding toegeneem weens die omvang van natuurramptoestande, waaronder die aardbewing in Melbourne en die voorkoms van verskeie hael- en vloedtoestande.

Discovery en Momentum Metropolitan het toenames in genormaliseerde verdienste van onderskeidelik 70.8% en 335.3% gerapporteer vir die jaar geëindig 30 Junie 2022. Discovery se verdienste is positief beïnvloed deur 'n toename in die jaarlikse premie-inkomste van nuwe kernbesighede, met besondere sterk groei in die SA- en VK-samestellings, sowel as merk-tot-mark buitelandse valutawinste. Momentum Metropolitan se verdienste het toegeneem as gevolg van beter sterftekoersresultate danksy die minder ernstige gevolge van die Covid-19 pandemie.

Business Partners Beperk (Business Partners) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R70 miljoen (2021: R23 miljoen) toegeneem. Die toename was hoofsaaklik te danke aan laer netto kredietverliese en 'n toename in beleggingsinkomste. 'n Verbetering in kredietrisiko het tot laer netto kredietverliese gelei.

Infrastruktuur

CIVH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R47 miljoen (2021: 'n verlies van R435 miljoen) bedra. Die toename in verdienste is grootliks meegebring deur die aflossing van hoofkantoorskuld, danksy twee regte-uitgifte, en beter vertonings deur die onderliggende besighede. Die onderliggende besighede het beter gevaar vanweë 'n toename van 14.8% in omset, ondanks groter markmededinging. CIVH het ook 'n mate van makro-ekonomiese druk ervaar weens hervestigings van kliënte wanbetalings, asook 'n verhoogde invorderingsrisiko. Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) se omset het marginaal met 4.1% tot R2 485 miljoen (2021: R2 388 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik danksy annuïteitsinkomste wat teen 31 Maart 2022 tot R198 miljoen per maand (31 Maart 2021: R192 miljoen per maand) toegeneem het. Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel) se omset het met 26.3% tot R2 981 miljoen toegeneem, aangedryf deur die groei in intekenare.

Grindrod en SEACOM Capital Beperk (SEACOM) se bydraes tot Remgro se wesensverdienste het onderskeidelik R263 miljoen en R37 miljoen (2020: R16 miljoen en R26 miljoen) bedra. Grindrod het goeie verdienstegroei in sy kernbesighede behaal, ondersteun deur sterk wêreld-kommoditeitsmarkte in

die mineraalsektor. Die hawe- en terminusbedrywighede het verdienstegroei ervaar danksy 'n toename in volumes wat hanteer is, terwyl die kusskeepsvaart- en vraghouerdepotbesigheid goed gevaar het in die uitdagende bedryfsomstandighede wat deur die erge vloede in April 2022 meegebring is. Ander infrastruktuurbeleggings sluit hoofsaaklik Grindrod Shipping se bydrae in, wat R267 miljoen (2021: R19 miljoen) bedra het. Grindrod Shipping is tot 25 November 2021 geëkwiteer, die datum waarop Remgro ingestem het om die belegging te verkoop. Die verhoogde wins van Grindrod Shipping in hierdie tydperk is hoofsaaklik te danke aan beter marktoestande (hoër vragtariewe) in die droëvragsektor.

Nywerheid

Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 31.1% tot R422 miljoen (2021: R322 miljoen) toegeneem danksy beter handelstoestande namate bedrywighede in die meeste sektore van die besigheid tot voor-Covid-19-vlakke teruggekeer het.

TotalEnergies se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 076 miljoen (2021: R366 miljoen) bedra, 'n toename van 194.0%. Ingesluit in die bydrae tot wesensverdienste in die jaar onder oorsig is gunstige voorraad-herwaardasies ten bedrae van R642 miljoen (2021: R186 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die volatiliteit in die Brent-ru-olieprys en die randwisselkoers. Met uitsluiting van hierdie herwaardasies het die bydrae met 141.1%, van R180 miljoen tot R434 miljoen, toegeneem. Die toename is hoofsaaklik te danke aan groter verkoopsvolumes, en Natref se beter raffineringsmarges.

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 6.4% tot R281 miljoen (2021: R264 miljoen) toegeneem. Omset het met 23% toegeneem hoofsaaklik weens hoër verkoopspryse, wat opwaarts gedryf is deur 'n toename in grondstofkoste as gevolg van die sterk kommoditeitsiklus wat die grootste gedeelte van die jaar ervaar is. Die verkooppryse van aluminium-uitpersprodukte is aangepas in ooreenstemming met hierdie bewegings, hoewel dit altyd eers 'n paar weke later was en dus daartoe gelei het dat die gemiddelde bruto marge laer as in die vorige jaar was.

Ander nywerheidsbeleggings bestaan uit PGSI Beperk (PGSI) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste, wat R21 miljoen (2021: R62 miljoen) bedra het.

Gediversifiseerde beleggingsvoertuie

KTH se bydrae tot wesensverdienste het R80 miljoen (2021: 'n verlies van R182 miljoen) bedra. Die toename is grootliks te danke aan die herstel van die bedryfsbesighede van Kagiso Media Eiendoms Beperk van die impak van Covid-19 in die vergelykende jaar, hoër verdienste uit sy belegging in Momentum Metropolitan, kleiner verliese uit sy belegging in Servest Group Eiendoms Beperk en laer negatiewe billike waarde aanpassings van R144 miljoen (2021: negatiewe billike waarde aanpassings van R374 miljoen). Die jaar onder oorsig het 'n negatiewe billike waarde aanpassing op die belegging in Momentum Metropolitan se voorkeuraandele van R152 miljoen (2021: 'n positiewe aanpassing van R60 miljoen) ingesluit, terwyl die vorige jaar 'n negatiewe billike waarde aanpassing van R434 miljoen op KTH se belegging in Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk ingesluit het.

Die bydrae van die ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie tot wesensverdienste het R15 miljoen (2021: 'n verlies van R78 miljoen) bedra. Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie sluit die bydrae in van Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin), wat R6 miljoen (2021: 'n verlies van R128 miljoen) bedra het. Invenfin se verliese in die vergelykende jaar het hoofsaaklik verband gehou met die verliese van sy belegging in Bos Brands Eiendoms Beperk. Die verliese van die vorige jaar is deels teengewerk deur dividende ten bedrae van R55 miljoen wat ontvang is van Remgro se belegging in Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF).

Media

eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R145 miljoen (2021: R43 miljoen) toegeneem, danksy die toename in televisie-advertensiebesteding (die hoofbron van inkomste vir eMedia Investments) en die gefokusde poging om markaandeel, en dus kykersgetalle, te verhoog. Op 'n jaargrondslag het eMedia Investments se televisie-advertensie-inkomste met 39% (sowat 15% beter as die mark) toegeneem en dit kan toegeskryf word aan 'n 15.2%-toename in spitstyd-markaandeel, vanaf 29.6% in Maart 2021 tot 34.1% in Maart 2022. Openview se toestelaanskakelings het vanaf 'n gemiddelde van 35 000 per maand tot 40 000 per maand toegeneem, wat die totale aantal toestelle tot 2.9 miljoen neem aan die einde van Junie 2022.

Portefeuljebeleggings

Die bydrae van portefeuljebeleggings tot wesensverdienste het R444 miljoen (2021: R247 miljoen) bedra, danksy dividende van R389 miljoen (2021: R191 miljoen) wat vanaf FirstRand ontvang is. Weens die Covid-19-pandemie het FirstRand nie 'n finale dividend in die vergelykende jaar betaal nie. Ander portefeuljebeleggings het die dividende van R55 miljoen (2021: R56 miljoen) ingesluit wat van British American Tobacco plc en Reinet Investments SCA ontvang is.

As gevolg van die RMI-ontbondeling het Remgro 51 254 365 Discovery-aandele (7.7% belang) en 122 908 061 Momentum Metropolitan-aandele (8.6% belang) ontvang. Beide beleggings is geklassifiseer as finansiële instrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste en in die toekoms sal dividendinkomste onder portefeuljebeleggings verantwoord word.

Maatskaplike impakbeleggings

Maatskaplike impakbeleggings bestaan hoofsaaklik uit belange in die Blue Bulls-rugby franchise en die Stellenbosch Academy of Sport Eiendoms Beperk (SAS).

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Finansieringsinkomste het R224 miljoen (2021: R212 miljoen) bedra. Die toename was grootliks te danke aan 'n verhoging in die Suid-Afrikaanse repokoers. Finansieringskoste is laer op R627 miljoen (2021: R861 miljoen) vanweë die aflossing van die omruilbare skuldbriewe in kontant op 22 Maart 2021. Ander netto korporatiewe koste het R252 miljoen (2021: R249 miljoen) bedra.

Verdienste

Totale verdienste het met 270.1% tot R13 139 miljoen (2021: R3 550 miljoen) toegeneem hoofsaaklik as gevolg van Remgro se gedeelte van die wins wat RMI gerealiseer het met die ontbondeling van sy beleggings in Discovery en Momentum Metropolitan ('n totaal van R4 667 miljoen) en die verkoop van sy belegging in Hastings (R1 465 miljoen), sowel as die toename in wesensverdienste van R3 609 miljoen, soos hierbo bespreek.

Kontant by die kern en buitelandse wisselkoerse

Op 30 Junie 2022 het Remgro se kontant by die kern R12 280 miljoen (2021: R9 706 miljoen) bedra, waarvan 20% in die buiteland belê is (2021: 23%). Die kontant word in verskillende geldeenhede gehou, waarvan ongeveer 80% in SA-rand en 20% in VSA-dollar gehou word.

Gedurende die jaar onder oorsig is buitelandse valutawinste ten bedrae van R299 miljoen (2021: verliese van R867 miljoen) verantwoord, hoofsaaklik weens die verswakking van die SA-rand teenoor die VSA-dollar vanaf R14.28 = $1.00 op 30 Junie 2021, tot R16.30 = $1.00 op 30 Junie 2022. Vir rekeningkundige doeleindes word hierdie wisselkoers-veranderinge direk in ekwiteit verantwoord.

Remgro se buitelandse kontant word opsygesit vir moontlike nuwe beleggings en die uitbreiding van bestaande buitelandse beleggings (VSA-dollar).

Kontant by die kern

	30 Junie 2022			
	Valuta-waarde miljoen	**Wissel-koers**	**R miljoen**	30 Junie 2021 R miljoen
SA-rand			**9 850**	7 511
VSA-dollar	**146.8**	**16.2958**	**2 392**	2 157
Britse pond	**1.4**	**19.6301**	**27**	29
Switserse frank	**0.7**	**16.9603**	**11**	9
			12 280	9 706

Kontantbeweging by die houermaatskappy (kontant by die kern)



Sluitingswisselkoerse	**30 Junie 2022**	30 Junie 2021	*Beweging %*
USD/ZAR	**16.2958**	14.2832	*(14.1)*
GBP/ZAR	**19.6301**	19.7408	*0.6*
CHF/ZAR	**16.9603**	15.4302	*(9.9)*

Gemiddelde wisselkoerse	**Jaar geëindig 30 Junie 2022**	Jaar geëindig 30 Junie 2021	*Beweging %*
USD/ZAR	**15.2046**	15.4003	*1.3*
GBP/ZAR	**20.2207**	20.7035	*2.3*
CHF/ZAR	**16.3062**	16.9174	*3.6*



Eksterne befondsing

Gedurende die 2016-finansiële jaar het Remgro (deur sy volfiliaal Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk (RHH)) klas A-voorkeuraandele ten bedrae van R3.5 miljard (vierjaartermyn en 'n vaste dividendkoers van 7.7%) en klas B-voorkeuraandele ten bedrae van R4.4 miljard (vyfjaartermyn en vaste dividendkoers van 8.3%) uitgereik. Gedurende Maart 2019 is die aflosdatum van die klas A-voorkeuraandele verleng tot 15 Januarie 2024 (teen 'n vaste dividendkoers van 7.5%, effektief vanaf 17 Junie 2019) en die klas B-voorkeuraandele is verleng tot 17 Maart 2025 (teen 'n vaste dividendkoers van 7.8%, effektief vanaf 16 Maart 2021).

Dividende

Die finale dividend per aandeel is op 100 sent (2021: 60 sent) vasgestel. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die jaar tot 30 Junie 2022 bedra gevolglik 150 sent (2021: 90 sent), wat 'n toename van 66.7% verteenwoordig.

Intrinsieke netto batewaarde

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel op 30 Junie 2022 was R213.10 teenoor R177.33 op 30 Junie 2021. Verwys na die hoofuitvoerende beampte se verslag op bladsy 25 vir 'n volledige bespreking van Remgro se intrinsieke netto batewaarde en hoe dit met sekere gekose JSE-indekse vergelyk.

Rekeningkundige beleid

Die finansiële jaarstate word ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) opgestel. Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas in beide jare. Gedurende die jaar onder oorsig het verskeie ander interpretasies en wysigings effektief geword, maar die implementering daarvan het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige jare gehad nie.

Risiko- en geleentheidsbestuur

Die maatskappy het 'n omvattende risiko- en geleentheidsbestuursbeleid geïmplementeer wat op die beginsels en raamwerk van die internasionale COSO (Komitee van Borgorganisasies van die Treadway-kommissie) Ondernemingsrisikobestuur – Geïntegreerde Raamwerk geskoei is en aan die aanbevelings van die King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) voldoen. 'n Uitgebreide risiko- en geleentheidsbestuurstruktuur verseker verder effektiewe en doelmatige risiko- en geleentheidsbestuur in die groep.

'n Opsomming van Remgro se risiko- en geleentheidsbestuursproses verskyn in die risiko- en geleentheidsbestuursverslag op bladsy 124, asook in aantekening 13 van die omvattende finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

Neville Williams
Hoof finansiële beampte

Stellenbosch
26 September 2022

Samestelling van wesensverdienste

R miljoen	**Jaar geëindig 30 Junie 2022**	% *verandering*	Jaar geëindig 30 Junie 2021
Gesondheidsorg			
Mediclinic	**1 267**	*88.0*	674
Verbruikersprodukte			
Distell – entiteitsbydrae	**735**	*36.6*	538
– *IFRS 3* uitgawe[1]	**(11)**	*76.6*	(47)
RCL Foods	**846**	*11.5*	759
Siqalo Foods – entiteitsbydrae	**401**	*(1.0)*	405
– *IFRS 3* uitgawe[1]	**(65)**	*17.7*	(79)
Finansiële dienste			
RMI	**796**	*(11.4)*	898
Business Partners	**70**	*204.3*	23
Infrastruktuur			
CIVH	**47**	*110.8*	(435)
Grindrod	**263**	*1 543.8*	16
SEACOM	**37**	*42.3*	26
Ander infrastruktuurbeleggings	**266**	*1 464.7*	17
Nywerheid			
Air Products	**422**	*31.1*	322
TotalEnergies	**1 076**	*194.0*	366
Wispeco	**281**	*6.4*	264
Ander nywerheidsbeleggings	**21**	*(66.1)*	62
Gediversifiseerde beleggingsvoertuie			
KTH	**80**	*144.0*	(182)
Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie	**15**	*119.2*	(78)
Media			
eMedia Investments	**145**	*237.2*	43
Ander mediabeleggings	**33**	*230.0*	10
Portefeuljebeleggings			
FirstRand	**389**	*103.7*	191
Ander portefeuljebeleggings	**55**	*(1.8)*	56
Maatskaplike impakbeleggings	**(20)**	*69.7*	(66)
Sentrale tesourie			
Finansieringsinkomste	**224**	*5.7*	212
Finansieringskoste	**(627)**	*27.2*	(861)
Ander netto korporatiewe koste	**(252)**	*(1.2)*	(249)
Wesensverdienste	**6 494**	*125.1*	2 885
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**564.4**	*(0.1)*	565.0
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**1 150.6**	*125.3*	510.6

[1] *IFRS 3 uitgawe verteenwoordig die amortisasie- en waardeverminderinguitgawes, netto van belasting, wat verband hou met die addisionele bates geïdentifiseer toe Remgro beheer oor daardie entiteite verkry het.*